’n Geestelike leier “met uitgestrekte hande”

Hannes Koornhof

Dr Hannes Koornhof is die moderator van die NG Kerk in die Wes- en Suid-Kaap. Hier deel hy ’n paar gedagtes vanuit die perspektief van ’n gemeentepredikant.

Henry Nouwen gebruik die beeld van uitgestrekte hande wanneer hy in sy bekende boekie “In the Name of Jesus” die profiel van die geestelike leier van die 21ste eeu beskryf. Dit is ’n waardevolle beeld wat predikante kan help om reg te dink oor die styl van leierskap wat nou van alle geestelike leiers in gemeentes gevra word.

Nie solopogings, maar gedeelde leierskap

Deel van die selfdefinisie van ’n predikant is dikwels (meestal?) dat hy of sy aan hom- of haarself dink as ’n soort solokunstenaar. Sonder dat die predikant dit besef, word die bediening maklik ’n soort vertoning wat op alle gebiede goed genoeg moet wees sodat die gemeente met die predikant tevrede sal bly. En in die meeste gevalle is dit ’n solo-vertoning. Die beplanning en leiding van die eredienste, die beplanning van die gemeente se jaarprogram, die besluitneming oor die bediening in die gemeente, die leiding van vergaderings, die beplanning en uitvoering van besoekwerk . . . omtrent alles is ’n soort solovertoning. So verwag die gemeente dit eintlik van die predikant. En so word dit gedoen.

Oor een ding is daar by my geen twyfel nie al meer lidmate is gereed en toegerus daarvoor (selfs begerig!) om saam deel te word van die dinamiese geestelike leierskap in die gemeente.

Geestelike leierskap vandag vra dat ek myself eerder bewustelik sal sien as deel van ’n span wat saam na God se wil en roeping vir die gemeente soek en saam eienaarskap en verantwoordelikheid daarvoor neem. Dit beteken natuurlik dat ek bereid sal wees om baie eerlik (eerliker!) te wees oor wat my eie gawes en beperkinge is – oor die kennis wat ek het en nie het nie. Dit gebeur omdat ek nie meer aan die bediening as ’n solo-vertoning dink nie, maar doelbewus ruimte skep vir die ontwikkeling van ’n breër leierskap in die gemeente.

Vir sommige sal so iets moontlik hopeloos te idealisties klink: “Dit is nie hoe dit in ons gemeente werk nie; baie dinge in die gemeente sal dan gewoon tot stilstand kom.” Op die kort termyn sou dit moontlik kon gebeur – omdat daar tot nou toe van die dominee verwag is om alles alleen te probeer doen en hy of sy dit gevolglik ook maar so gedoen het! Juis dit kan egter die begin wees van die ontwikkeling van ’n breër eienaarskap en gesamentlike leierskap in die gemeente, omdat ek meer doelbewus daarvoor begin ruimte maak. Oor een ding is daar by my geen twyfel nie (en al hoe meer predikante en gemeentes kan hiervan getuig): al meer lidmate is gereed en toegerus daarvoor (selfs begerig!) om saam deel te word van die dinamiese geestelike leierskap in die gemeente.

Nie "hande op die kontroles" nie, maar "met uitgestrekte hande"

Daar is 'n tweede deel van 'n selfdefinisie van predikant-wees wat baie nou hiermee saamhang. Dit is dat ons ook (waarskynlik amper onbewustelik) ons leierskapsrol definieer in terme van kontrole en beheer. Dit het deel van predikante se identiteit geword (waarskynlik weer eens deels as gevolg van die verwagting van die gemeente) dat hulle altyd in beheer moet wees van dit wat in die gemeente gebeur en beplan word. By wyse van spreke bedien predikante met albei hande stewig op die "kontroleknoppies" van die gemeente. Predikante is immers (alleen!) verantwoordelik vir wat in die gemeente gebeur en waarheen die gemeente op pad is. Daarom moet predikante gedurig kontroleer en beheer om seker te maak dat die regte uitkomste verwesenlik sal word.

Dit is veral hier waar Nouwen se beeld van die leier wat met uitgestrekte hande leef, vir ons 'n noodsaaklike korreksie wil wees – en 'n ontsaglike bevryding. Dit beteken dat ek as predikant doelbewus leer om beheer prys te gee as deel van 'n ander en meer Bybelse styl van leierskap.

Dit beteken in die eerste plek dat ek dit (regtig!) prysgee en oorgee aan God en die toekoms wat Hy vir my en vir die gemeente in gedagte het. 'n Leierskapstyl van kontrole en beheer ten alle koste en 'n lewe in ware afhanklikheid van God is wedersyds uitsluitend. Om met uitgestrekte hande te bedien en die gemeente so te lei, beteken dat die predikant op 'n baie dieper vlak bereid word om self gelei te word na die Here se toekoms vir die gemeente en vir hom- of haarself. Dit beteken dat die predikant soos Abraham bereid is om (saam met die gemeente) "weg te trek sonder om te weet waar ek gaan kom." Dit beteken dat ek onsekerheid nie ten alle koste probeer uitskakel deur beheer en kontrole nie, maar juis omhels. En ironies genoeg word dit juis die weg waarlangs die hoë angsvlakke wat ek as predikant dikwels in die bediening ervaar, betekenisvol verlaag word. Baie van die angs wat ons dikwels ervaar is immers die gevolg van kontrole en beheer wat ons oor die uitkomste probeer uitoefen.

Natuurlik beteken geestelike leiding met "uitgestrekte hande" ook dat ek al meer bereid is om deur ander gelowiges en ander gemeenteleiers gelei te word.

"I leave you with the image of the leader with outstretched hands, who chooses a life of downward mobility. It is the image of the praying leader, the vulnerable leader, and the trusting leader. May that image fill your hearts with hope, courage, and confidence . . . "

Die prysgee van beheer en kontrole en die wegbeweeg van bediening as 'n solo-vertoning gaan immers hand aan hand. Dit vra van my dat ek bereid is om my eie broosheid en gebrokenheid te erken. Dit vra dat ek sal groei in openheid en leerbaarheid. En ook so word ek al meer bevry van die angs van die solobediening. Ek skep die ruimte waar ek saam met ander geestelike leiers kan groei in die avontuur van geloofsonderskeiding (discernment). Ek word deel van 'n groep gelowiges wat mekaar op die vlak van ware menswees en Christenwees leer ondersteun. Rick Warren is reg as hy in hierdie verband sê: "Ministry begins with vulnerability … Our strengths create competition; our weaknesses create community." (Rick Warren, The Purpose Driven Life, p 276-277.)

Om te groei in hierdie styl van geestelike leierskap is een van die grootste uitdagings waarvoor ons as predikante in ons huidige bedieningsituasie staan. Nouwen vat dit alles goed saam as hy aan die einde van sy boekie skryf: "I leave you with the image of the leader with outstretched hands, who chooses a life of downward mobility. It is the image of the praying leader, the vulnerable leader, and the trusting leader. May that image fill your hearts with hope, courage, and confidence . . . " (In the Name of Jesus, p 73).